# LES 2 DIE VERBOND IS DIE BAND WAARMEE GOD ONS AAN HOMSELF VASBIND

## 1. Die band waarmee God ons vasbind: die verbond

Dit is die hoofboodskap van die Bybel: God bind Homself aan ons as sondaars vas. Hierdie band waarmee God Homself aan ons vasbind, word in die Bybel **die verbond** genoem.

Ons wil graag saam hierdie unieke en baie besondere verbintenis wat God met ons het, deur die Bybel **ontdek**: sy genadeverbond met ons.

## 2. Deur hierdie band máák die Here ons godsdienstig

Hierdie verbintenis met God maak ons nuwe mense en laat ons nuut leef.

Dit is soos met jou ouers: jou band met jou ouers maak jou die tipe seun of dogter wat jy is.

Kom ons gesels 'n bietjie in die klas oor ***hoe*** jou ouers se verbintenis om vir jou 'n pa en ma te wees, jou lewe kan verander en jou maak wat jy is.

Watse tipe seun of dogter sal jy wees, en hoe sal jy leef, as jou pa en ma hulle net verbind om:

- vir jou kos en klere te gee en **niks** meer nie?
- die lewe saam met jou te geniet, maar hulle **glad nie steur** aan jou skoolwerk of aan wat jy eendag in die lewe wil word nie?
- altyd met jou vriendelik te wees en jou **altyd jou sin te gee,** maar om nooit met jou te raas of jou iets te verbied nie?

Kan julle dink wat van ons sal word as God Homself nie aan ons verbind om vir ons God te wees, elke dag en nag nie? Wat sal van ons word? Hoe sal ons lewe?

Daarom moet ons hierdie verbintenis wat God met ons gemaak het, sy **genadeverbond,** ontdek.

## 3. God bind Homself met beloftes en 'n eed aan ons vas

### 3.1 God maak ons met beloftes aan Hom vas

Kom ons lees Hebreërs 6 verse 13 tot 20 saam!

*"13 Toe God aan Abraham die belofte gemaak het, het Hy niemand groter as Hyself gehad by wie Hy dit met 'n eed kon bevestig nie. Daarom het Hy dit met 'n eed by Homself bevestig 14 en gesê: "Ek sal jou beslis ryklik seën en jou 'n baie groot nageslag gee." 15 En so het Abraham dan, nadat hy geduldig gewag het, gekry wat aan hom beloof is. 16 Mense lê 'n eed af by iemand groter as hulleself. Vir hulle is dit die bevestiging van 'n saak, en dit sluit alle*

*teëspraak uit. [17] En omdat God aan die erfgename van die belofte bo alle twyfel wou verseker dat sy besluit onveranderlik is, het Hy dit met 'n eed gewaarborg. [18] Die twee onveranderlike dinge, die belofte en die eed, waarborg dat God sy woord gestand sal doen, en is vir ons wat ons toevlug tot Hom geneem het, 'n kragtige aansporing om vas te hou aan die hoop op wat vir ons weggelê is. [19] Hierdie hoop besit ons as 'n veilige en onbeweeglike lewensanker, wat agter die voorhangsel vas is. [20] Daar het Jesus, ons Voorloper, ter wille van ons ingegaan, en Hy is vir ewig Hoëpriester volgens die orde van Melgisedek."*

**Hoe** maak God Homself aan ons vas?

God bind Homself nie aan ons vas met 'n tou, 'n ketting of met boeie nie. God is Gees. God is almagtig, onsigbaar, oneindig, ewig en onbegryplik. Ons kan God met niks aan onsself vasmaak nie.

Tog het God dit gedoen. Die **wyse** waarop Hy Homself aan ons vasmaak, is met **beloftes**.

Lees weer vers Hebreërs 6: 13, 15 en 18!

*"[13] Toe God aan Abraham die* ***belofte*** *gemaak het, het Hy niemand groter as Hyself gehad by wie Hy dit met 'n eed kon bevestig nie. ... [15] En so het Abraham dan, nadat hy geduldig gewag het, gekry wat aan hom* ***beloof*** *is. [18] Die twee onveranderlike dinge, die* ***belofte*** *en die eed, waarborg dat God sy woord gestand sal doen, ..."*

God **beloof** aan Abraham dat Hy vir hom 'n seun sal gee – al is hy en sy vrou al oud. Dit het dan ook so gebeur. Al was Sara baie oud en kon sy nooit kinders gehad het toe sy jonk was nie, het hulle 'n seun, Isak, gekry. Abraham het gekry wat God aan hom **beloof** het.

**'n Belofte van God is 'n onderneming wat God teenoor ons maak omdat Hy self so wil maak en self so besluit.**

'n Onderneming is wanneer God besluit Hy wil **graag** vir ons iets doen, en dan vir ons sê Hy sál dit vir ons doen. Wanneer God 'n onderneming maak, word Hy **nie gedwing** om dit te doen nie. Hy doen dit **uit sy vrye wil** en wag nie vir iemand anders om eers iets te doen nie. Vers 18 sê dit, nie waar nie?

Dit is hoe God Homself aan ons vasmaak:

- Hy **besluit** Hy wil as God vir ons beloftes gee.
- Hy **maak** aan ons beloftes.
- Hy **onderneem** dan om self hierdie beloftes aan ons gestand te doen.

## 3.2 God maak Homself met 'n eed aan ons vas

Kom ons lees weer Hebreërs 6 verse 16 tot 18:
*"[16]* ***Mense*** *lê 'n eed af by iemand* ***groter*** *as hulleself. Vir hulle is dit die bevestiging van 'n saak en dit sluit alle teëspraak uit. [17] En omdat* ***God*** *aan die erfgename van die belofte bo alle*

*twyfel wou **verseker** dat sy besluit **onveranderlik** is, het Hy dit met ŉ eed gewaarborg. [18] Die twee onveranderlike dinge, **<u>die belofte en die eed</u>**, waarborg dat God sy woord gestand sal doen, …"*

Mense maak baie beloftes wat hulle **nie** altyd hou nie. Hoe kan ŉ mens **seker** maak iemand hou sy belofte? Ons gebruik ŉ kontrak om dit reg te kry. ŉ Kontrak is ŉ ooreenkoms op papier waarby ŉ persoon teken dat hy sy belofte sal nakom. Ons kan iemand wat ŉ kontrak geteken het, hof toe vat as hy hom nie by die ooreenkoms hou nie. Dan kan die hof hom dwing om sy belofte na te kom.

Hoe weet ŉ mens of **God** ŉ onderneming wat Hy maak, sal nakom?

Maklik! **Hy sê Hy sál!**

As **God** iets sê, is dit baie anders as wanneer **ons** iets sê. Wat het gebeur toe God aan die begin **gesê** het: "Laat daar lig wees"? Toe God dit **gesê** het, toe **maak** Hy lig. As God iets **sê**, dan **gebeur** dit soos Hy sê. Hy is God die Skepper, nie ŉ mens nie.

Daarom, as God sê Hy sál – dan is dit ŉ **eed**: Hyself sal **sorg** dat sy onderneming waar sál word.

Kan ŉ mens iemand anders kry wat sal toesien dat God sy beloftes hou? Nee, daar is niemand nie! Wie is meer betroubaar en kragtig as God self?

God se "sál" is altyd ŉ **versekering** dat dit net so is soos God sê dit is. Dit is ŉ eed. Net so seker as wat daar lig was toe God gesê het: "Laat daar lig wees."

## <u>4. God se verbond is beloftes wat met ŉ eed gewaarborg is</u>

Kom ons lees weer vers 18: *"[18]Die twee onveranderlike dinge, die belofte en die eed, waarborg dat God sy woord gestand sal doen, …"*

Hierdie vers beteken dat God sê Hy sal iets doen (**die belofte**), en Hy gee ons die versekering (**die eed**) dat Hy dit sal doen.

Dit is hoe God Homself aan ons vasbind met sy verbond: Hy maak beloftes aan ons, en Hy kom hulle na.

## <u>5. Die "sál" van God se genadeverbond</u>

Die Bybel se boodskap gaan oor die verbond. Dis baie belangrik dat ons, wanneer ons die Bybel lees, die verbond sal raaksien en herken.

**Hoe weet ons wanneer gaan ŉ teksgedeelte oor die verbond?**

**Daar is ŉ paar maniere:**

1. Die woorde "verbond" en "belofte" sal in die teksgedeelte voorkom.

2. Die woorde “eed”, “vaste toesegging” of ander woorde met dieselfde betekenis, sal in die teks gebruik word.

Kom ons lees byvoorbeeld **Ps.105:7-10.**

Kyk of julle met die woorde: “**verbond**”, “**belofte**”, “**eed**” en “**toesegging**” kan raaksien dat hierdie gedeelte gaan oor God se band met ons.

*“ 7 Hy, die Here, is ons God; sy reddingsdade strek oor die hele aarde. 8 Hy hou sy verbond altyd in stand, die belofte wat Hy aan duisende geslagte toegesê het, 9 die verbond wat Hy met Abraham gesluit het, sy eed aan Isak. 10 Hy het dit vir Jakob bevestig as ŉ vaste toesegging, vir Israel as verbond wat altyd sal bestaan. 11 Hy het gesê: “Ek gee Kanaän vir jou as grondgebied en eiendom”*

3. Nog ŉ woord waarmee die Here se verbond beskryf word, is net die woord: “**sál**”. Hierdie woord beteken baie keer: God maak beloftes wat met ŉ eed gewaarborg is.

Kom ons lees byvoorbeeld **Genesis 12: 1-3:**

*“Die Here het vir Abram gesê: “Trek uit jou land uit, weg van jou mense en jou familie af na die land toe wat Ek vir jou sal aanwys. 2 Ek sal jou ŉ groot nasie maak, en jy moet tot ŉ seën wees. 3 Ek sal seën wie jou seën, en hom vervloek wat jou vervloek. In jou sal al die volke van die aarde geseën wees.”*

**Al die woorde: “verbond”, “eed” of “belofte”, word net met hierdie een woord saamgevat: “sál”. God het Abraham só aan Homself vasgebind: God sál!**

## 6. Opsomming

1. Die band waarmee God ons aan Hom vasmaak is die verbond.

2. God se verbond bestaan uit twee dele: ŉ onderneming en ŉ eed.

3. Onderneming beteken: God besluit self omdat Hy self wil.

4. Eed beteken: God waarborg self dat Hy sal doen wat Hy onderneem.

5. Die woordjie “sál” dui op die verbond.

## 7. Oefening

Lees die volgende paar teksgedeeltes en kyk of jy die woorde kan raaksien wat vir jou wys dat hierdie tekste gaan oor God se verbond: verbond, belowe, eed, bevestig, God sál.

Psalm 106:43-46:

*"[43] Talle kere het die Here sy volk gered, maar hulle het opstandig gebly en dieper in hulle sonde weggesink. [44] Tog het Hy sy oë nie vir hulle nood gesluit nie; Hy het hulle smeekgebede verhoor. [45] Ter wille van hulle het Hy aan sy verbond gedink, en in sy groot liefde was Hy genadig. [46] Hy het hulle medelye laat vind by dié wie se gevangenes hulle was. [47] Red ons, Here ons God, maak ons bymekaar tussen die volke uit, dat ons u heilige Naam kan loof en ons in u lof kan verheug. [48] Aan die Here die God van Israel kom die lof toe tot in die allerverste toekoms. Die hele volk moet sê: "Amen! Prys die Here".*

Psalm 111: 3-6:

*"[3] Sy dade is vol majesteit en luister, sy trou staan vir altyd vas. [4] Hy sorg dat sy magtige dade nie vergeet word nie. Genadig en barmhartig is die Here. [5] Hy voed dié wat Hom dien, Hy hou sy verbond altyd in stand.[6] Hy het sy volk die krag van sy dade laat ervaar, Hy het aan hulle die land van ander nasies gegee."*

Lukas 1:70-74:

*"[70] So het die Here dit reeds van oudsher belowe deur die mond van sy heilige profete: [71] om ons te verlos van ons vyande en uit die hand van al ons haters; [72] om Hom te ontferm oor ons voorvaders en sy heilige verbond te onthou. [73] Met 'n eed het Hy dit bevestig aan ons voorvader Abraham dat Hy sou gee dat ons, [74] gered uit die hand van vyande, Hom onbevrees kan dien [75] in vroomheid en opregtheid al die dae van ons lewe."*

Hand. 2:38 en 39:

*"[38] Toe antwoord Petrus hulle: "Bekeer julle en laat elkeen van julle gedoop* word in die *Naam van Jesus Christus, en God sal julle sondes vergewe en julle sal die Heilige Gees as gawe ontvang. [39] Wat God belowe het, is vir julle en vir julle kinders en vir almal wat daar ver is, vir almal wat die Here ons God na Hom toe sal roep."*

Esegiël 36:25-28:

*"[25] Ek sal reinigingswater oor julle uitgooi sodat julle rein kan word. Ek sal julle reinig van al julle onreinheid en van al julle afgodery. [26] Ek sal julle 'n nuwe hart en 'n nuwe gees gee, Ek sal die kliphart uit julle liggaam uithaal en julle 'n hart van vleis gee. [27] Ek sal my Gees in julle gee en Ek sal maak dat julle volgens my voorskrifte leef en my bepalings gehoorsaam en nakom. [28] Julle sal in die land woon wat Ek aan julle voorvaders gegee het, julle sal my volk wees en Ek sal julle God wees."*

Nou het ons geleer om die verbond van God binne-in die teks van die Bybel raak te lees.